Grondwet van die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans

01 **Naam**

Die volle naam van die Genootskap is die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans, verderaan in die Grondwet genoem die GHA.

02 **Grondslag**

Die grondslag van die GHA is die geloof in God Drie-enig en die Woord van God word in alle beraadslagings en optrede van die GHA erken en eerbiedig

.

03 **Doelstellings**

(i) Die GHA is ‘n Afrikanerkultuurliggaam wat die algemene beskaafde standaard weergawe van die Afrikaanse taal op alle gebiede en onder alle omstandighede nougeset en prakties handhaaf, tot sy volkome reg laat kom en hoofsaaklik in sy Dietse vorm uit te bou.

(ii) Om gegronde geskiedkundige en praktiese redes beywer die GHA hom vir:

a) die skep van positiewe omstandighede en geleenthede deur ons Wes-Europese Afrikaner nageslagte ‘n behoorlike grondslag kan hê waarop sowel hulle as die Afrikaanse taal, se toekoms kan bou;

b) die skep van nuwe en byhou en/of vernuwing van bestaande taalreëls ten einde te verseker dat alle taalreëls vanuit Afrikaans self geformuleer word met dien min moontlike beïnvloeding deur ander tale;

c) die handhawing van ‘n hoë standaard van die Afrikaanse taal deur nuwe woorde voor te stel of woordskeppinge deur ander instansies (bv. Tegnologie handel en nywerheid, ekonomie, medies, ens.) na te sien en/of wysigings/alternatiewe voor te stel;

d) die advisering van instansies en organisasie betreffende die korrekte gebruik van Afrikaans en die korrekte vertaalde weergawe van Afrikaans, sou sodanige instellings vertaalwerk in Afrikaans doen of benodig; die posisie van die taalwaghond van die Afrikaanse taal ten einde op positiewe en opbouende wyse persone, instansies (bv. Radiostasies en televisie) sake-ondernemings, buro’s, administrasies, departemente (bv onderwys), ens., te vermaan wanneer die Afrikaanse taal nie in korrekte vorm in druk verskyn, gebruik of uitgesaai word nie en hulle van die korrekte weergawe daarvan te voorsien.

04 **Status**

Die GHA is ‘n regspersoon wat in eie naam ‘n bank- en ander rekeninge by geld-instellings kan open, kontrakte kan aangaan, vaste- en roerende bates kan verkry, vervreem of andersins na goeddunke daarmee kan handel tot voordeel van die GHA en die behoud en bevordering van sy doelstellings ooreenkomstig die bepalings van hierdie Grondwet.

05 **Leuse**

Die leuse van die GHA is Handhaaf.

06 **Kenteken**

Die GHA het ‘n onderskeidende kenteken en die kenteken is soos hieronder afgedruk.

07 **Jaarvergadering**

‘n Jaarvergadering van die Genootskap word jaarliks voor of op 31 Mei gehou.

7.1 Sakelys van die Jaarvergadering

Benewens die gewone werksaamhede, moet die volgende sake jaarliks op die sakelys verskyn:

(i) Opening met skriflesing en gebed;

(ii) Verwelkoming;

(iii) Onbestrede mosies (bv. kennis van afsterwe van lede);

(iv) Lees van notule van die vorige jaar se vergadering;

(v) Voorsitter se Jaarverslag;

(vi) Randverslag

(vii) Aanwys van ouditeur.

(viii) Bepaling van ledegeld

7.2 Die lede wat by die Jaarvergadering teenwoordig is, vorm ‘n kworum.

08 **Hoofbestuur**

8.1.1 Die voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris en randmeester vorm die dagbestuur van die GHA.

8.1.2 Vir die doeleindes van hoofbestuursvergaderings, vorm vier verkose lede van die hoofbestuur ‘n kworum.

8.1.2 Vir die doeleindes van dagbestuursvergaderings vorm drie verkose lede van die dagbestuur ‘n kworum.

8.1.3 In die geval van ‘n staking van stemme by enige vergadering van die GHA, sy takke of ander ondergeskikte liggame wat in naam van die GHA daargestel is, sal die voorsitter ‘n beslissende stem hê.

8.2 Verkiesing van hoofbestuur

8.2.1 Hoofbestuurslede word deur die Jaarvergadering vir ‘n termyn van twee jaar gekies en wel op so ‘n wyse dat al die ampte se dienstermyne nie gelyktydig ‘n aanvang neem en ten einde loop nie. (vergelykbaar met bv. Die Amerikaanse Kongres- en Senaat se middel-termyn verkiesings.)
8.2.2 Enige GHA-lid moet minstens twee jaar ‘n volle opbetaalde lid wees voordat hy/sy tot die hoofbestuur verkies kan word
8.2.3 (i) Die Hoofbestuur vergader minstens 4 (vier) keer per jaar.
(ii) ‘n Hoofbestuurslid wat sonder geldige verskoning van twee agtereenvolgende vergaderings waarvan hy behoorlik kennis gekry het afwesig is, kan deur die hoofbestuur van sy pos onthef word.
(iii) Indien ‘n hoofbestuurslid in die loop van sy termyn bedank, geskors word of te sterwe sou kom, kan die hoofbestuur sy take onderling verdeel of ‘n opbetaalde lid koöpteer om die gewese lid se vakante pos te vul totdat die eersvolgende Jaarvergadering gehou word waartydens ‘n nuwe lid gekies kan word om die pos tot die volgende verkiesing van die kategorie ingevolge die rotasie-stelsel plaasvind.

8.3 Hoofbestuursfunksies

8.3.1 Die Hoofbestuur het volle bevoegdheid om enige saak rakende die GHA te hanteer, daaroor te besluit en om toe te sien dat sodanige besluite uitgevoer word.
8.3.2 Die Hoofbestuur moet toesien dat die GHA se regsake aandag geniet.
8.3.3 Die Hoofbestuur moet toesien dat die GHA se geldsake in orde is en doeltreffend bestuur word.
8.3.4 Die hoofbestuur moet toesien dat alle sake wat met die stryd om die behoud, bevordering en uitbouing van Afrikaans in verband staan, die omvattendste aandag denkbaar geniet.

8.4 Raad van Verteenwoordigers

Die RSA word in 40 streke opgedeel en ‘n verteenwoordiger word deur die Hoofbestuur vir die streek aangewys wat die GHA in die streek sal verteenwoordig.
Die taak van die Verteenwoordigers is om:
Die GHA in die streek te verteenwoordig en om met lede van die GHA in die gebied te skakel en in oorleg met die hoofbestuur bedrywighede te reël.
Die Verteenwoordigers sal die Hoofbestuur van raad bedien met die oog daarop om die organisasie uit te bou en om die Afrikaanse taal te handhaaf, te bevorder en uit te bou.
Die Verteenwoordigers sal met die Hoofkantoor skakel.
‘n Verteenwoordiger sal lid van die GHA wees en gewone stemreg by Ledevergaderings hê.

8.5 Onder-komitees

8.5.1 Die hoofbestuur het die bevoegdheid om onder-komitees/ad hoc-komitees
met bepaalde opdragte aan te stel en om uit eie geledere of deur koöptasie, ampsdraers vir die komitees aan te wys en reglemente vir sodanige komitees op te stel.

8.6 Lede-vergaderings

Die voorsitter is verplig om binne 30 (dertig) dae nadat hy deur minstens 10 (tien) ten volle

opbetaalde gewone lede van die GHA skriftelik daartoe versoek is, ‘n Buitengewone Lede-Vergadering van die GHA te belê. Lede moet minstens 14 (veertien) dae voor die datum van die vergadering daarvan kennis ontvang.
Die ondertekende versoek om ‘n lede-vergadering te hou, moet vergesel wees van ‘n volledige opgawe van redes oor die noodsaaklikheid van die vergadering, asook enige voorstelle, aanbevelings of mosies wat die petisionarisse aan die vergadering wil voorlê.

09 **Lidmaatskap**

9.1.1 Afrikaners wat die doelstellings en strewes van die GHA onderskryf, kan aansoek doen om lidmaatskap.
9.1.2 Alle aansoeke om lidmaatskap, word vir goedkeuring aan die hoofbestuur voorgelê om daaroor te besluit en keuring geskied streng ooreenkomstig die Grondwet. Die hoofbestuur, kan sonder opgaaf van redes weier om ‘n persoon of organisasie as lid van die GHA toe te laat.
9.1.3 Die hoofbestuur kan sonder opgaaf van redes ‘n lid of geaffilieerde lid se lidmaatskap opskort as sodanige lid die belange van die GHA of Afrikaans benadeel. Enige lid of geaffilieerde lid wat geskors word, moet binne veertien dae na die skorsingsbesluit per geregistreerde pos dienooreenkomstig in kennis gestel word.

9.2 Ledegeld

9.2.1 Ledegeld is jaarliks betaalbaar en word deur die Algemene Jaarvergadering vasgestel.
9.2.2 Kategorieë van lidmaatskap
(i) ‘n Enkele volwassene met een stem by GHA ledevergaderings – R360,00 per jaar;
(ii) ‘n huisgesin, insluitende skoolgaande kinders met twee stemme by GHA ledevergaderings – R600,00 per jaar
(ii) Skole, opvoedkundige- en kultuurorganisasies asook ander instellings wat by die GHA affilieer, betaal R600,00 per jaar en mag een afgevaardigde met volle stemreg en soveel waarnemer-afgevaardigdes soos verkies sonder stemreg, na GHA byeenkomste benoem.
(iii) Studente betaal geen lidmaatskap geld nie
(iv) Pensionarisse (wat slegs afhanklik is van ‘n pensioen as inkomste) kan aansoek doen vir verlaagde lidmaatskap geld.
9.2.3 Lidmaatskapgeld is vooruitbetaalbaar en kan in een bedrag of in paaiemente betaal word soos met die GHA se hoofkantoor gereël word.
9.2.4 Ledegeld moet ten volle opbetaal wees voordat ‘n lid of afgevaardigde van ‘n geaffilieerde lid by enige byeenkoms van die GHA mag stem.

10 **Stigting van takke**

10.1 Takstigting word deur ingeskrewe ten volle opbetaalde lede van die GHA in oorleg met die hoofbestuur gereël.
10.1.2 Indien omstandighede dit toelaat, moet gepoog word dat minstens een hoofbestuurslid ‘n takstigtingsvergadering bywoon.

10.1.3 Die Hoofbestuur stel die Reglement vir die bestuur en bedryf van takke op.

11 Sluiting van kontrakte

Die Hoofbestuur keur enige kontrakte of ander bindende ooreenkomste wat nodig sou wees om die sake van die GHA te bestuur of om die stryd om die behoud van Afrikaans te voer goed en alle sodanige kontrakte moet deur minstens twee lede van die Hoofbestuur mede-onderteken word.
Waar takke dit nodig sou vind om kontrakte of ander ooreenkomste bindend op die GHA aan te gaan, word die ooreenkomste deur die Hoofbestuur goedgekeur en deur minstens een Hoofbestuurslid, wat vir die doel deur die Hoofbestuur aangewys word, mede-onderteken.

12 Boekjaar

Die GHA se boekjaar strek vanaf 1 Maart tot 28 Februarie van elke jaar.

13 Geld of eiendom van die GHA

13.1 Die organisasie mag nie enige van sy geld of eiendom aan sy lede skenk nie. Al wanneer dit gedoen kan word is wanneer ‘n lid werk vir die Genootskap gedoen het. Die vergoeding moet ‘n redelike bedrag wees vir die werk wat gedoen is.
13.2 Lede van die Genootskap het geen regte op iets (dinge) wat aan die organisasie behoort nie.

14 Personeel

14.1 Die Hoofbestuur neem Personeel in diens om die daaglikse instandhouding en werksaamhede van die GHA te behartig.
14.2 Personeel van die GHA moet lid van die GHA wees.

15 Ontbinding

Die Genootskap mag alleenlik ontbind word as ten minste twee-derde van die teenwoordige stemgeregtigde lede, tydens ‘n vergadering wat vir die doel byeengeroep is, ten gunste van ontbinding stem.
Indien dit nodig sou blyk om die GHA te ontbind word alle bates, roerend en onroerend, oorgedra na die Taaltrust vir Afrikaans wat die bates so sal bestuur dat dit nog aangewend word vir die stryd om die handhawing van Afrikaans sal bevorder.
Afhangende van die bates wat by ontbinding beskikbaar is, kan die bates byvoorbeeld aangewend word vir die skepping van studiebeurse vir studente wat Afrikaans as ‘n hoofvak sou neem; die moontlike bou van ‘n volkseie skool vir onderrig wat volwaardige algemeen beskaafde Afrikaans insluit; die skepping van ‘n eg Afrikaanse tydskrif of koerant; of watter ander behoefte daar moontlik vir die voortbestaan van Afrikaans op daardie oomblik sou bestaan.